

KANTOOR VIR FINANSIËLE INSTELLINGS,

Privaatsak 238,

PRETORIA.

Julie 1968.

OMSEND BRIEF NO. F.S. 6.

(Aan alle onderlinge
hulpverenigings).

A. WYSIGING VAN WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS.

1. Die aandag van verenigings word gevestig op die wysigings van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings wat vervat is in artikel 15 van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1968 (Wet No. 65). Laasgenoemde wet is afgekondig in Buitengewone Staatskoerant No. 2107 van 26 Junie 1968. Kopieë van die Staatskoerant is verkrygbaar teen 10c stuk van die Staatsdrukker (Afdeling Publikasies), Privaatsak 85, Pretoria of Posbus 571, KAAPSTAD.

B. JAARVERSLAG, 1966.

2. Die Vierde Jaarverslag van die Registrateur van Onderlinge Hulpverenigings is nou beskikbaar en kan regstreeks van die Staatsdrukker bestel word by die in paragraaf 1 hierbo vermelde adresse teen 35c (oorsee 45c) per eksemplaar (posvry). Die verwysingsnommer daarvan is R.P. 46/1968.

C. LAAT INDIENING VAN FINANSIËLE STATE EN STATISTIEKE.

3. Jaar na jaar dien talle verenigings hulle finansiële state en ander stukke laat in, d.w.s. na 30 Junie, sonder dat hulle om uitstel gevra het. Hierdie Kantoor beskou die tydperk van 6 maande waarbinne die voorgeskrewe opgawes kragtens die Regulasies ingedien moet word, as heeltemal toereikend. Uitstel sal dus voortaan verleen word slegs indien gegronde redes, tot bevrediging van hierdie Kantoor, daarvoor aangevoer word.